191.A.1 (10)

DIE BURGERWONING

'N PAAR GEDAGTES AS NASKRIF

(Deur Prof. H.B. Thom)

Die ou Burgerwoning op die Braak is gerestoureer. Dit staan daar as 'n monument van die handewerk en lewenswyse van geslagte wat verby gegaan het. Vérweg vorentoe sal dit nog altyd getuig van 'n positiewe, eie kultuurbydrae wat Suid-Afrika - en bynaame Stellenbosch - gelewer het.

Op Dinsdag, 10 deser, het die amptelike opening plaasgevind. Sy Edele Minister Paul Sauer het op treffende wyse die betekenis van die herstelde ou gebou beklemtoon. Sy Agbare die Burgemeester, mnr. W. Dempsey, het met gepaste woorde die sleutel oorhandig aan die firma wat die gebou nou huur. Welverdiende hulde is gebring aan persone en instansies wat tot die behoud en restourasie van die gebou meegewerk het. Alles tesame was dit 'n mooi funksie: eenvoudig, waardig, eg - soos 'n mens van Stellenbosch verwag.

As iemand wat verskeie jare lank ten nouste verbonde was met die onderhandelings tussen die Regering, die Historiese Monumentekommissie en die Stadsraad oor die ou gebou, het ek my in hoë mate van 'n gevoel van voldoening en vreugde bewus geword. Ek herhaal wat ek aan die Burgemeester gesê het: Baie geluk, en baie dankie vir wat die Stadsraad gedoen het: U stel 'n voorbeeld, wat nie sonder navolging sal bly nie.

Dit sal my vergun word om, by dié die name wat genoem is, nog die name van twee bekende Stellenbossers te voeg, aan wie ook besondere dank toekom. Hulle was waarskynlik van die eerstes wat met die gedagte na vore gekom het dat die Regering die eiendom van die Rynse Sendinggenootskap op die Braak moet koop en die Burgerwoning dan moet oormaak aan die Stadsraad, wat dit kon herstel, onderhou en op 'n geskikte wyse gebruik. Ek verwys hier na twee gesiene persone, wat baie van ons nog goed sal onthou maar wat helaas nie meer met ons is nie: prof. Henri Cruse en mnr. Paul Roos.

As lid .../2

As lid van die Stadsraad - en veral as Burgemeester - het prof. Cruse hom voortdurend en geesdriftig vir hierdie plan beywer. Hy het die hartlike steun geniet van sy getroue vriend mnr. Roos, wat, nadat hy as skoolhoof afgetree het, nie verkies het om op die stoep te gaan sit nie, maar hom toe met hart en siel geplaas het in die diens van die gemeenskap wat hy so innig liefgehad het.

Ek herinner my hoe prof. Cruse gesê het: „Ons durf mos nie toelaat dat die mooi ou skeppinge van ons voorgangers voor ons oë verkrummel nie!" Mnr. Roos weer, meer opgewonde en haastig van natuur, het eenkeer, toe hy slegs skoorvoetende steun van sy omstanders gekry het, teleurgesteld uitgeroep: „Rome brand al, en julle staan nog ledig op die mark!"

Nadat hierdie twee manne gesterf het - albei subiet, albei in die diens van hulle gemeenskap - het die plan om die Burgerwoning oor te neem en te restoureer, moeiliker geword. ~~'n aanvang gegaan~~. Die Stadsraad het toe ook £8,000 aan die herstel van Grosvenorhuis gespandeer, en tereg is gevrees dat 'n verdere groot bedrag vir restourasiewerk, deur die belastingbetalers afgekeur sou word.

Maar die werk wat Cruse en Roos gedoen het, was nie verniet nie. Ander het daarmee voortgegaan, en Stellenbosch het gewys dat hy gevoeliger is vir die kwelling van sy gewete as die kwelling van sy sak.

Die resultaat sien ons voor ons oë: Die Burgerwoning is een van die mooiste dinge wat die gemeenskap van Stellenbosch nog tot stand gebring het.

Nou sê ek ten slotte - en ek weet nie of ons Stadsvaders met my sal saamstem nie - die Burgerwoning moet tot historiese monument verklaar word, hoe gouer hoe beter. Want, ofskoon ons besef dat dit in die hande van ons Stadsraad vandag veilig is, weet ons nie of dit oor vyftig of honderd jaar nog só sal wees nie. En ons durf die ou gebou nie weer in gevaar stel, soos dit vir meer as 150 jaar voortdurend aan gevaar blootgestel

was nie. .../3

was nie. In verband met die proklamering van die gebou tot monument, sal daar wel sekere lastige komplikasies wees, dit weet ons, maar ons mag nie nou in selftevredenheid ons hande vou nie. Die nodige stappe moet onverwyld gedoen word.

****